## Vreesloos die stormsee in!

Christiaan en Annelie speel dikwels na skool op die strand. Hulle het toestemming van hul ouers om daar te gaan speel; mits hulle naby die lewensredders bly.

**Christiaan:** Annelie, ek wil ook eendag 'n lewensredder word. My pa het ook al iemand se lewe gered. Daarvoor het hy 'n spesiale toekenning ontvang. Die Woltemade-Dekorasie vir Dapperheid in 1975.

**Annelie:** Sjoe, maar dis goed. Wat het hy gedoen om dit te verdien? 'n Mens kry dit nie sommer net nie!

**Christiaan:** Hy het twee mense hier uit die stormagtige see gered. Hulle is een aand teen skemer toe hulle hier kom swem het deur 'n sterk seestroom al dieper die see ingetrek. Dit was al amper donker en die branders was rof en die see onstuimig, maar Pappa het vreesloos meer as eenmaal diep ingeswem om hulle te gaan uithaal.

**Annelie:** Weet jy Christiaan, dit klink amper soos daardie storie van Wolraad Woltemade wat Juffrou vir ons gelees het.

**Christiaan:** Ja, ek onthou nou! Wolraad Woltemade is die man wat sewe keer met sy perd die see ingejaag



het om die matrose van die sinkende skip te gaan red. Die skip se bemanning het vreesbevange en magteloos aan die wrakstukke bly vasklou.

**Annelie:** Ja, dit was dapper van hom. Ek weet nie of ek sewe keer in die stormagtige see sou inswem nie. Vandag sal mense wegkyk as so iets gebeur. Hulle sal nie sommer help nie.

**Christiaan:** Weet jy dat Wolraad Woltemade al 65 jaar oud was. Sy perd Vonk was 'n sterk dier, maar toe die matrose besef dat dit dalk die laaste keer is wat Wolraad Woltemade kon terugkom om hulle te red, het ses gelyk in die seewater gespring. Hulle het vir lewe en dood aan Vonk vasgeklou. Een van die matrose het Vonk se toom vasgegryp en sy kop onder die water laat beland. Dis toe dat die moeë perd, sy ruiter en die skipbreukelinge verdrink het.

**Annelie:** Dis nou 'n heldedaad duisend om 14 mense te red, herhaaldelik die stormagtige see in te gaan, sonder om eenmaal aan jouself of die gevaar te dink en dan te verdrink!

**Christiaan:** Ja, ek stem saam. Wolraad Woltemade was vreesloos. Al waaraan hy gedink het, was om die vreesbevange mense te red.

**Annelie:** Ek wonder of dit een van Suid-Afrika se grootste heldeverhale is?

**Christiaan:** Ons moet uitvind, want ek sal so graag na nog verhale wil luister en nog lees. Dis baie interessant!

**Annelie:** Kyk hoe laat is dit al! Ons sal moet gou maak, anders gaan ons raas kry. Kom Christiaan, ons sal huis toe moet hardloop!